Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Mag almal hierdie feesseisoen ware vrede en vreugde ervaar

'n Boodskap van Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee

Een ding staan soos 'n paal bo water: Niemand van ons gaan 2020 sommer gou vergeet nie. Toe ons mekaar laasjaar 'n voorspoe-dige nuwe jaar toegewens het, kon nie een van ons voorsien wat om die draai op ons wag nie.

Twintig-twintig was voorwaar 'n baie moeilike jaar, maar ek is uiters dankbaar om te kan sê dat tipies van Overstranders, almal – ja almal – ingegryp het en hul uiterste bes gedoen het om hul medemens te help waar en hoe hulle ook al kon.

In die besonder is ek dank verskuldig aan ons toegewyde span munisipale amptenare en werkers wat geensins teruggedeins het toe daar van hulle verwag is om aan te hou om daardie noodsaaklike dienste te lewer waarvan ons inwoners afhanklik is nie, ondanks die erge risiko's wat dit vir hul persoonlike welstand ingehou het.

Vergun my ook 'n spesiale woord van dank aan my mederaadslede: Ja, ons voorneme om in die loop van 2020 werk te maak van verskeie uitdagings is tot 'n mate in die wiele gery, maar julle bereidwilligheid om saam te staan en ons strategiese koers vir die oorblywende duur van die vyfjaar-geïntegreerde ontwikkelingsplan opnuut in oënskou te neem, word opreg waardeer. Ek dink julle het 'n uitstekende stukkie werk gedoen!

Gelukkig is die meeste kapitale projekte – in die besonder behuisings voorsiening en infrastruktuur opgradering – weer op dreef en sal volgens plan gelewer word, selfs al is dit 'n bietjie later as voorsien. Ongelukkig, aangesien hierdie projekte onvermydelik vertraag moes word, gaan inwoners en besoekers waarskynlik effe verontrief word tydens die besigste tyd van die jaar, en ons sê byvoorbaat dankie vir almal se geduld en begrip.

Vooruitskouend moes ons die munisipale begroting aansienlik aansuiwer in 'n poging om nie enige verdere las te plaas op inwoners wat reeds onder geweldige finansiële druk verkeer nie. In die besonder het die gasvryheidsbedryf – grotendeels die ruggraat van Overstrand se ekonomie – geweldige verliese gely en gaan, volgens alle aanduidings, vir die afsienbare toekoms steeds onder druk verkeer.

Maar, op 'n positiewe noot, waar ons vir maande aaneen nie saam met familie en vriende kon kuier nie, kan ons nou weer uitsien na 'n tydjie waar ons kan herenig. Geniet gerus die somer dae wat voorlê deur die natuur te verken en in die branders te baljaar, maar sorg asseblief dat julle altyd jul veiligheid en die veiligheid van jul geliefdes voorop stel.

As ons almal die wette en regulasies gehoorsaam en soos verantwoordelike burgers optree, kan almal hulself geniet en 'n welverdiende blaaskansie gegun word om hul batterye te herlaai sodat ons reg is om 2021 met hernuwe ywer tegemoet te gaan.

Aan ons matrikulante, nog 'n ding staan soos 'n paal bo water: Julle gaan baie stories hê om eendag vir jul kleinkinders te vertel! Maar alle grappies op 'n stokkie: Julle vasberadenheid gaan ongetwyfeld as inspirasie dien vir diegene wat in jul voetspore volg, en ek is daarvan oortuig dat julle deursettingsvermoë met goeie resultate beloon sal word. Welgedaan!

Ter afsluiting, alhoewel ons almal met hoop en afwagting na 2021 en sy beloftes van herstel uitsien, moet ons nooit 2020 se lesse vergeet nie: Moenie jou familie en vriende afskeep nie, kyk mooi na jouself, en knyp so nou en dan 'n tydjie af om na te dink oor die lewe.

Uitvoerende Burgemeester, Rdh. Dudley Coetzee

Namens Overstrand se Raad en personeel wens ek almal 'n veilige, vredige en vreugdevolle Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe.

SUKSESVOLLE BEKAMPING VAN ONDERGRONDSE MOERASBRAND

HOOGSTE LOF TOEGESWAAI

Die span verbonde aan Munisipaliteit Overstrand se direktoraat: omgewingsbestuursdienste: (l-r) Penelope Aplon, Benjamin Kondokter,Tamzyn Zweig, senior omgewingsbestuurder: Liezl de Villiers, Tarron Dry (agter), Heloise Fortune, Arno Harmse, Darrol Isaacs, Stephen Müller, Timothy Europa, Dean Gardiner, Marco Cornelius en Michael Henn

In Januarie 2019 het 'n veldbrand die ontvlamming van 'n gedeelte van die uitgedroogde vleiland op die eiendom van die Camphill-skool- en -plaas veroorsaak, en dit het aanleiding gegee tot verskeie ondergrondse veengrond brande en soms ook bogrondse brande.

Verskeie pogings deur Overstrand se brandweerdienste om dié brande onder beheer te bring, was tevergeefs omdat uitgedroogde vleilande hidrofobies is en daarom nie natgespuit kan word deur water op die oppervlak toe te dien nie. Senior omgewingsbestuurder Liezl de Villiers het dadelik besef dat as 'n poging aangewend moet word om hierdie deel van die Onrusrivier-vleiland te red, sy haar op kundiges sal moet beroep. Derhalwe het sy gaan aanklop by Martin Bolton, 'n kundige op die gebied van die bestryding van vleilandbrande wat voorheen sy uitvinding – prikkelbesproeiingspype – uiters suksesvol aangewend het om moerasbrande in Indonesië te beveg met behulp van gespesialiseerde spanne verbonde aan Suid-Afrika se Werk met Vuur- (WoF) program.

Kortom kom 'n prikkelbesproeiingspyp neer op 'n pyp met gaatjies ('n sproei) wat water onder druk uitspuit om 'n vleiland onder die oppervlak te nat te maak in 'n poging om vleilandbrande te blus of in toom te hou.

Om hierdie pype aan te lê verg egter die vaardighede van hoogsgespesialiseerde spanne wat toegerus is om die uiters gevaarlike toestande te trotseer. In hierdie geval het dit die spanne 52 dae geneem om die moerasbrande in die Onrusrivier-vleiland onder beheer te bring en 'n verderde 90 dae voordat hierdie brandvoorval uiteindelik afgehandel kon word.

Ter erkenning van haar vasberadenheid om die Onrusrivier-vleiland te red en te beskerm en die inisiatief wat sy aan die dag gelê het om hierdie reddingspoging te koördineer, is me. De Villiers onlangs bekroon met 'n nasionale toekenning wat spesiale eer aan haar verleen as 'n bewaarder van vleilande. Alhoewel sy die toekenning met dank aanvaar het, het De Villiers onomwonde verklaar dat sy dit doen namens almal wat hulle uiterste bes gedoen het om die vleiland te red. "Daar lê nog 'n lang pad voor om Onrus se vleilandstelselte herstel. In alle waarskynlikheid gaan dit 'n uitgerekte en duur proses wees wat weer eens die volle samewerking van regeringsliggame en grondeienaars gaan verg. Maar, wees gerus, ons het verskeie planne in die mou en sal nie huiwer om ons, na gelang van die geval, weer op die kundiges te beroep nie," het sy gesê.

Sedert 1 November 2020 het Munisipaliteit Overstrand 'n nuwe munisipale bestuurder: Dean Gabriël Ian O'Neill

Dean O'Neill

Oorsigtelik beskou, het ons hier te kampe met iemand wat glo dat jy nooit te oud is om te leer nie: O'Neill het aanvanklik siviele ingenieurswese as sy beroepskeuse gekies, maar nadat hy in verskeie tegniese hoedanighede – eers by Vredendal en toe by Matzikama – gedien het, het hy besluit om van koers te verander en om met alle erns op 'n loopbaan in openbare administrasie te fokus.

Sedertdien het hy 'n meestersgraad in openbare administrasie verwerf en werk tans aan sy PhD-verhandeling. Boonop het hy dié gesogte onderskeiding verwerf dat hy een van baie min geakkrediteerde munisipale bestuurders in Suid-Afrika is.

O'Neill het sedert 2013 as Kaap Agulhas se munisipale bestuurder gedien en beskou die feit dat hy en sy span vir die afgelope opeenvolgende vyf jaar daarin kon slaag om ongekwalifiseerde ouditverslae te bekom as 'n noemenswaardige prestasie. "Gegewe die tempo waarteen die Wes-Kaapse politieke landskap verander, moet mens die vermoë hê om by 'n vinnigveranderende omgewing aan te pas," het O'Neill gesê. "Juis daarom beskou ek spanwerk as allerbelangrik en glo vas dat elke individuele inset, ongeag hoe gering, van kritieke belang is om gemeenskaplike doelwitte te verwesenlik." Die Bredasdorp-gemeenskap het met 'n swaar hart van die O'Neill-gesin afskeid geneem, veral aangesien hulle so nou betrokke was, op skoolbeheerliggame gedien het en 'n aktiewe rol in hul plaaslike gemeente vervul het.

Die Overstrand-gemeenskap heet mnr. Dean O'Neill hartlik welkom en sien daarna uit om 'n standhoudende en produktiewe verhouding met hom te smee.

DIE BRANDSEISOEN HET AANGEBREEK!

Is jou huis bestand teen 'n veldbrand?

Dit mag nou wel 'n plesier wees om jou agterplaas so te sê met 'n ongerepte berg bedek in fynbos te deel, maar hierdie voorreg het sy prys: Die risiko van blootstelling aan veldbrande.

Al te dikwels laat mense wat hul huise in die ruimte tussen dorpsgebiede en die natuur bou na om die nodige voorsorg te tref om hul eiendomme teen veldbrande te beskerm – soms met katastrofiese gevolge.

Volgens Louise Wessels, bestuurder van die Groter-Overberg se brandbeskermingsvereniging (goFPA) moet mense wat in die koppelvlak tussen dorpsgebiede en die natuur woon sekere voorsorgmaatreëls teen veldbrande tref.

Haar beskouing geniet die volle steun van Reinard Geldenhuys, brandweerhoof van die Overberg-distriksmunisipaliteit, wat ook waarsku dat alhoewel brandbestrydingspanne hul bes doen om mense en hul eiendomme te beveilig, het klimaatsverandering veroorsaak dat veldbrande deesdae vinniger, warmer en meer gereeld is – 'n situasie wat vererger word deur die groot hoeveelhede brandbare materiaal (d.w.s. plantreste) wat hierdie brande voed.

"Ons doen 'n beroep op almal wat hul tuiste in die Overstrand skep, en veral diegene wat na aan die koppelvlak tussen dorpsgebiede en die natuur woon, om die nodige stappe te neem om hul eiendomme te beveilig," het Wessels gesê. "Hierdie stappe is heel eenvoudig en voor die hand liggend en kan dalk verhoed dat jy jou huis en alles wat vir jou kosbaar is, verloor."

1. Hou jou huis se dak en geute skoon – plantreste wat op dakke en geute ophoop, is hoogs vlambaar en kan veroorsaak dat brandbestande dakmateriaal minder doeltreffend is
2. Maak openinge, luggate en dakoorhange toe – gebruik waar moontlik ogiesdraad om te verhoed dat smeulende kooltjies jou huis binnekom
3. Stoor vlambare materiaal op 'n veilige afstand weg van jou huis – vlambare materiaal soos vuurmaakhout moet nie onder dekke of verandas gestoor word nie
4. Snoei jou bome – kroonvure kan veroorsaak dat kooltjies op dakke beland en veroorsaak dat ander bome in die omstreke ook vlam vat
5. Hou plantegroei in toom en sorg dat jou werf skoon is – sny jou grasperk en skep brandstroke langs opritte en paadjies
6. Hou die tuinslang aan 'n kraan gekoppel en die swembad, as jy een het, vol

Vir nog raad oor hoe jy jou huis kan beveilig, gaan na https://overbergfpa.co.za/wildfireready/

Beskerm jou huis teen veldbrande:
Hou die geute skoon en die werf rommel-vry

KANTOORSLUITING TYDENS FEESSEISOEN

Munisipale kantore, biblioteke ingesluit maar noodsaaklike dienste uitgesluit, sal gesluit wees vanaf 13:00 op Donderdag, 24 Desember 2020 en weer op Maandag, 28 Desember 2020 om 07:45 heropen. Insgelyks sal die kantore weer vanaf 13:00 op Donderdag, 31 Desember 2020 tot 07:45 op Maandag, 4 Januarie 2021 gesluit wees.

Kantoorsluitings ten spyt, onthou asseblief dat munisipale rekeninge op enige tydstip via 'n elektroniese oordrag vereffen kan word of deur gebruik te maak van die Pay@- en Easy Pay-stelsel wat by die meeste kettingwinkels beskikbaar is.

Koopkrag kan op enige tydstip aangekoop word deur gebruik te maak van 'n bank- of selfoontoepassing (laasgenoemde kan via Play Store afgelaai word), of deur 'n handelaar soos Pick 'n Pay, Checkers, Spar en Engen te besoek.

- Indien u enige noodgeval ervaar wat met basiese dienste (munisipale infrastruktuur) verband hou, kontak asseblief Overstrand se 24-uur-beheerkamer by 028 313 8111.
- Ingeval van 'n brand, oorstroming of mediese noodgeval, kontak die brandweer- en reddingsdienste direk by 028 312 2400.
- Vir noodgevalle wat met wetstoepassing, sekuriteit en veiligheid verband hou, bel 028 313 8980 of bel 028 313 8996 om 'n algemene, minder ernstige klag aanhangig te maak.
- Vir algemene navrae, soos om navraag te doen oor die stand van jou munisipale rekening, bel 028 313 8000.
- Om bobbejaanverwante kwessies te rapporteer, bel die bobbejaanblitslyn by 072 028 0008.

Let asseblief daarop dat die Munisipaliteit Overstrand se Facebook-blad slegs as 'n platform gebruik word om inligting te deel en nie as 'n formele kommunikasiekanaal beskou word waarop klagtes aanhangig gemaak kan word nie.

HERSIENING VAN GOP EN BEGROTING:

Werk, veiligheid en welstand geniet nou voorrang

Ten tyde van 'n Raadsvergadering wat op Woensdag, 28 Oktober 2020 gehou is, het Uitvoerende Burgemeester rdh. Dudley Coetzee bevestig dat die munisipaliteit tans besig is met die vierde en finale hersiening van die huidige vyfjaar-geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) vir 2021/22.

In sy toespraak het Coetzee Raadslede daaraan herinner dat 'n GOP 'n munisipaliteit se vyfjaar-ontwikkelingsplan is en dat dit jaarliks hersien moet word.

Sulke hersienings bied aan die Raad die geleentheid om bietjie terug te staan en te besin of hulle steeds op koers is om die strategiese oogmerke te bepaal, soos uiteengesit in die oorspronklike vyfjaar-GOP wat die tydperk van 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2022 dek.

Overstrand se uitvoerende bestuurspan (EMT) het eenparig ingestem dat die strategiese rigting en doelwitte sowel as die visie en missie behoue moet bly, maar dat die onus op elke raadslid en personeellid rus om die munisipaliteit se visie uit te leef, naamlik om 'n sentrum van uitnemendheid vir die gemeenskap te wees.

"Uitnemende diens moet die dryfkrag wees agter alles wat ons doen," het die Burgemeester gesê, en 'n beroep op almal gedoen om twee eenvoudige vrae – "Hoe kan ek help? / My vriend, wat kan ek vir jou doen?" – weer eens in Overstrand se organisatoriese kultuur vas te lê.

Voorts lui sy toespraak soos volg: "Vanjaar is ons GOP-hersiening- en begrotingsproses beïnvloed deur 'n duistere toekoms te danke aan Covid-19 en die negatiewe impak wat die inperking op ons ekonomie gehad het, die planne wat beraam moes word om herstel ná Covid-19 te bewerkstellig en die moontlikheid van 'n tweede golf. Wêreldwyd het Covid-19 verwoesting veroorsaak. Op eie bodem het ten minste 2,2 miljoen Suid-Afrikaners hulle werk verloor en bevind die land se reeds kwesbare ekonomie hom nou in 'n erge resessie wat, na verwagting, 'n inkrimping van 8,2% in 2020 tot gevolg gaan hê.

"Die formulering en implementering van Overstrand se planne om herstel ná Covid-19 te bewerkstellig, sal in ooreenstemming gebring word met die drie fokusareas (werk, veiligheid en welstand) soos vervat in die Wes-Kaapse Regering se herstelplan. Juis daarom moes die span ten tyde van sessies om ons strategieë te hersien oor die stand van hierdie fokusareas beraadslaag sowel as oor moontlike nuwe inisiatiewe wat in die komende boekjaar van stapel gestuur kan word.

"In hierdie verband was een van die fokuspunte hoe groot maatskappye na die area gelok kan word. Ten einde dit te bewerkstellig, was die span dit eens dat die munisipaliteit moet aanhou om sy bestaande verhoudinge met sakeondernemings te koester en ook ondersoek moet instel na hoe ander munisipaliteite te werk gaan om beleggers te lok, veral daardie wat nie noodwendig groot stukke grond benodig nie. Voorts moet alles moontlik gedoen word om te sorg dat onnodige rompslomp so gou as moontlik uitgeskakel word.

"Die span stem ook saam dat toerisme van uiterste belang vir Overstrand se ekonomie is en dat daar om hierdie rede veral gefokus moet word op die bemarking van aantreklikhede wat toeriste heeljaar sal lok."

Ten opsigte van werkskepping het die Burgemeester gesê dat daar weer ondersoek ingestel moet word na hoe groter infrastruktuurprojekte dalk 'n bydrae in hierdie verband kan lewer en dat die uitbreiding van Wi-Fi-konnektiwiteit na areas wat nog nie gedek word nie, sover as moontlik voorrang moet geniet.

Wat die konsepbegroting vir 2021/22 betref, het die Burgemeester gewaarsku dat alhoewel die GOP die munisipale begroting ten grondslag lê, die gevolge van Overstrand se voorgenome planne om ná Covid-19 te herstel waarskynlik 'n impak op die aangesuiwerde begroting gaan hê.

"Die Covid-19-virus is steeds met ons, en dit maak dit moeilik om in só 'n ongunstige klimaat te begroot," het Coetzee gesê. "Derhalwe het ons streng riglyne neergelê waarby die administrasie moet hou: Alle items aan die uitgawekant waaroor die munisipaliteit seggenskap het, moet geensins verhoog word nie en, op hierdie stadium, is die opdrag om stygings in tariewe tot 3,5% te beperk."

Beide die hersiene weergawe van die 2021/22-GOP en die 2021/22- begroting sal in konsepvorm in Maart 2021 voor die Raad dien waarna die publiek in die loop van April geleentheid gegun sal word om hul skriftelike kommentaar in te dien.

Intussen word alle belanghebbers aangemoedig om aan te sluit by die platforms wat daargestel is om die GOP en begroting te hersien. Om meer te wete te kom, besoek Overstrand se amptelike webwerf by www.overstrand.gov.za.

STRAATLIG BUITE WERKING?

Weens die aanvanklike inperking en die beperkings wat steeds weens die Covid-19-pandemie geld, is die herstel van onklaar straatligte dalk effe agterweë.

Jy kan ons help om hierdie sakie reg te stel deur jou straatadres en/of die hoek naaste aan jou straatadres te vermeld wanneer jy 'n foutiewe straatlig by een van die volgende plaaslike administrasies rapporteer:

Hermanus: 028 313 8000/8111 of 028 316 2630
Kleinmond: 028 271 8404 of 028 271 8484
Gansbaai: 028 384 8300 of 028 384 8358
Stanford: 028 384 8500 of 028 384 8376

Wanneer jy dié sakie rapporteer, onthou ook om vir 'n verwysingsnommer te vra en om daardie nommer in alle daaropvolgende korrespondensie te vermeld.

VUURWERKE VERBODE

Munisipaliteit Overstrand wil inwoners en besoekers se aandag weereens daarop vestig dat geen vuurwerke of klappers op enige tydstip en vanaf enige plek afgevuur mag word nie – nie in jou eie agterplaas nie en ook nie op 'n strand nie.

Let ook daarop dat die gebruik van Sjinese (lug-) lanterns en/of fakkels vir enige ander doel as 'n noodgeval volgens wet verbode is.

Handelaars en straatverkopers word ook daaraan herinner dat vuurwerke nie in Overstrand se munisipale gebied verkoop mag word nie en dat hulle vervolg sal word indien hulle aan 'n oortreding van die munisipaliteit se verordenings skuldig bevind word. Ter wille van almal se veiligheid en 'n vreedsame feesseisoen, kom asseblief hierdie reëls na.

STRANDE BEHOU BLOUVLAGSTATUS

By Grotto, Hawston, Kleinmond en Castle Beach gaan die Blou Vlae weer met trots vir die duur van die 2020/2021-seisoen wapper, onderwyl die strand by Onrus vir die tweede opeenvolgende jaar sy status as 'n loodsprojek behou het.

Blou Vlae gaan amptelik vanaf 1 Desember wapper, wat daarop neerkom dat lewensredders aan diens sal wees en dat geen honde op Blou Vlag-strande toegelaat sal word nie.

Soos voorheen sal strandrolstoele beskikbaar wees by Grotto en Kleinmond en diegene wat gestremdhede moet oorbrug, kan gerus by die lewensredders aanklop indien hulle hiervan gebruik wil maak.

Op daardie strande waar honde steeds toegelaat word, doen ons 'n beroep op eienaars om nie hondemis in die sand te begrawe of dit goedsmoeds in die see te stort nie. Tel dit op, asseblief, en raak op 'n verantwoordelike en higiëniese wyse daarvan ontslae.

Plastiekkorreltjies duik op in die omstreke van Kammabaai naby Voëlklip

PLASTIEKKORRELTJIES

HOU ERGE BEDREIGING VIR KUSSTROOK IN

Sedert einde Oktober, begin November het groot hoeveelhede plastiekkorreltjies langs Overstrand se kuslyn uitgespoel – aanvanklik veral in die omstreke van Kleinmond, Gansbaai en Pearly Beach, maar meer onlangs ook naby Voëlklip.

Hierdie korreltjies, wat in Engels as "nurdles" bekend staan, is die grondstof wat gebruik word om die meeste van die plastiekprodukte te vervaardig wat ons alledaags gebruik. Dié korreltjies lyk soos lensies en is amper ewe groot.

Die besoedeling wat deur hierdie plastiekkorreltjies veroorsaak word, hou 'n groot bedreiging vir die seelewe in en juis om daardie rede het verskeie vrywilligers – toegerus met 'n emmer en 'n sif – opgedaag om 'n moontlike omgewingsramp te verhoed op daardie strande waar hierdie korreltjies bemerk is.

'n Maklike manier om die plastiekkorreltjies bymekaar te maak is om seesand in 'n emmer water te skep. Die platiekkorreltjies sal dryf, waarna dit bloot afgeskep kan word.

Uiteraard kan daar nie goedsmoeds met hierdie plastiekkorreltjies weggedoen word nie. Derhalwe is verskeie vullishouers spesiaal vir hierdie doel op strategiese punte langs die geaffekteerde kuslyn geplaas. Maak asseblief hiervan gebruik.

As jy 'n hoop plastiekkorreltjies teëkom, moet jy asseblief onverwyld enige van die volgende kontak en die presiese ligging vermeld:

- Overstrand: Brandweer en redding – 028 312 2400
- African Penguin and Seabird Sanctuary – 072 598 7117
- Overstrand: Omgewingsdepartement – 028 316 3724
- Dyer Island Conservation Trust – 082 907 5607

WEES WAAKSAAM!

Die somervakansie is om die draai en, ongelukkig, het die tyd ook aangebreek om inwoners en vakansiegangers daarop bedag te maak dat hulle versigtig moet wees en hul eie veiligheid voorop moet stel.

Slinkse kriminele is altyd op die loer, maar jy kan hulle fnuik:

- Moenie onnodige aandag vestig op jou kontant, kameras en ander waardevolle items deur hulle oop en bloot ten toon te stel nie.
- Moenie waadevolle items oop en bloot laat lê op motorsitplekke waar hulle duidelik sigbaar is nie.
- Sorg dat jy altyd 'n ogie hou op jou besittings soos jou beursie en selfoon.
- Wanneer jy na 'n bestemming stap, fokus op wat rondom jou gebeur, nie op jou selfoon nie.
  Laasgenoemde geld veral wanneer jy 'n pad of kruising nader aangesien jou aandag deur jou selfoon afgelei kan word en jy dus nie bedag sal wees op wat rondom jou gebeur nie.
- Moet eerder nie op jou eie gaan stap of fietsry nie. Sou jy dit doen, moet jy iemand asseblief sê waarheen jy gaan en hoe laat jy weer tuis sal kom.
- Sorg dat jy die volgende noodnommers op jou selfoon stoor:
  ✆ OVERSTRAND BRANDWEER EN REDDING – 028 312 2400
  ✆ OVERSTRAND WETSTOEPASSING – 028 313 8980

Onthou, dit is beter om oorversigtig te wees as om agterna die gevolge te betreur.

Kleinmond-bibliotekaresse, Venda de Jager, op die punt om 'n klompie ontsmette materiaal weer op die rakke te plaas

JONK EN OUD KAN GERUS WEER ONS BIBLIOTEKE BESOEK

Soos in 'n vorige uitgawe van *Bulletin* berig, is alle openbare biblioteke in Overstrand weer toeganklik vir die publiek.

Benewens die basiese reël – "geen masker, geen toegang" – sal die volgende maatreëls geld om sosiale afstand te handhaaf en almal se veiligheid te verseker:

- Tyd bestee in die biblioteek sal tot 30 minute per besoeker beperk word
- Internetsessies word tot 30 minute elk beperk en moet vooraf bespreek word
- Materiaal wat uitgeneem is, moet terugbesorg word in verseëlde sakke en in die houers/bokse by die ingang van biblioteke geplaas word.

Uiteraard sal leeskamers en leerareas grotendeels gesluit bly tot verdere kennisgewing.

Tydelike COVID-19-biblioteekure:

GANSBAAI • Maandae tot Vrydae van 09:30 – 17:30
BUFFELJAGSBAAI • Maandae tot Vrydae van 09:30 – 17:30
ELUXOLWENI • Maandae tot Vrydae van 09:00 – 17:00
STANFORD • Maandae tot Vrydae van 09:00 – 16:30
KLEINMOND • Maandae tot Donderdae van 10:00 – 15:30 en Vrydae 10:00 – 15:00
BETTYSBAAI • Maandae tot Donderdae van 10:00 – 15:30 en Vrydae 10:00 – 15:00
HERMANUS • Maandae tot Donderdae van 10:00 – 15:30 en Vrydae 10:00 – 15:00
HAWSTON • Maandae tot Vrydae van 10:00 – 15:30
MOUNT PLEASANT • Maandae tot Vrydae van 10:00 – 15:30

SÊ "NEE" TEEN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

OORGENOEG REDE OM FEES TE VIER

Aangesien Galjoen- en Perlemoenstraat in Sandbaai ook nou geteer is, het inwoners oorgenoeg rede om fees te vier omdat grondpaaie op langelaas iets van die verlede is.

Lede van Wyk 7 se komitee, die verantwoordelike munisipale amptenare, inwoners en, natuurlik, hul vriende en familie was daar om hierdie okkasie te vier.

Lenie van Wyk sny die lint terwyl rdl. David Botha toekyk.

Die eer om die pas geteerde strate te open deur die seremoniële lint te sny, het Lenie van Wyk te beurt geval. Sy is die weduwee van voormalige Overstrand-burgemeester, Gideon van Wyk, en het haar vir jare lank daarvoor beywer om fondse vir hierdie projek in te samel.

Wyk 7 se raadslid, David Botha, het ook dié geleentheid bygewoon en opgemerk dat die tyd nou aangebreek het om die aandag te verskuif na ander verdienstelike projekte soos om meer straatligte en spoedhobbels aan te bring en om verskeie parkeerterreine langs Sandbaai se kus op te gradeer.

"Die opgradering van die parkeerterrein by Tekkies se Poel aan die suidelike punt van Hoofweg sal teen die einde van die jaar voltooi wees," het Botha beloof.

Wyk 7 se raadslid, David Botha, en 'n jarelange inwoner van Sandbaai, Lenie van Wyk, was onlangs daar om saam met lede van die wykskomitee, munisipale amptenare en familie en vriende die teer van die laaste twee grondpaaie in Sandbaai te vier.

MIKRO-ONDERNEMINGS SE POTENSIAAL ONTSLUIT

Om die eienaars van mikro-ondernemings aan te moedig om gebruik te maak van die befondsing wat via TREP beskikbaar is, het Munisipaliteit Overstrand onlangs 'n aantal inligtingsessies in Proteadorp, Kleinmond en Mount Pleasant aangebied.

In medewerking met die departement van kleinsake-ontwikkeling (DSBD) het Overstrand se direktoraat plaaslike ekonomiese ontwikkeling en toerisme onlangs 'n reeks werksessies aangebied wat daarop gemik is om mikro-ondernemings van 'n gesonde finansiële vastrapplek te verseker.

Al te dikwels vind eienaars van spazawinkels, vrugte-en-groenteverkopers, motorwerktuigkundiges, haarkappers en naaldwerkers wat in informele nedersettings sake doen dit moeilik om hul ondernemings aan die gang te hou weens gebrekkige toegang tot finansiële ondersteuning.

Onder toesig van die DSBD, het die Agentskap vir Kleinsake-ontwikkeling (SEDA) en die Agentskap vir Kleinsakefinansiering (SEFA) nou in die bresse getree, wat daarop neerkom dat mikro-ondernemings nou via die program vir die finansiering van township- en landelike ondernemings (TREP) aansoek om finansiering kan doen.

Vir meer inligting, kontak die LED-projekkoördineerder, Luvo Bomvana, by 028 313 5071 of e-pos lbomvana@overstrand.gov.za. 'n Ander opsie is om Vuyani Yisa verbonde aan SEDA te besoek by Winkel 44, Gateway-sentrum, Hermanus of kontak hom by 028 312 2359 / 079 154 7234 of e-pos vyisa@seda.org.za.

OPGRADERING VAN STORMWATERSTELSEL VORDER FLUKS

Volgens die kontrakteur wat aangestel is om die stormwaterstelsel in Hermanus se sakekern (Hoofstraat, Marine-rylaan en High-straat) sowel as in die industriële gebied (Mimosa- en Prelliwitz-straat) op te gradeer, verloop alles volgens plan en het geen erge ontwrigtings tot op hede opgeduik nie.

Na verwagting sal hierdie projek teen 30 April 2021 afgehandel wees.

HIER VOLG 'N VERSLAG OOR VORDERING TOT OP HEDE:

Fase 1 – Area 1 (Marine-rylaan en parkeerarea): Konstruksiewerk langs Marine-rylaan is 90% afgehandel en die parkeerarea is toeganklik vir voertuie. Voetgangers kan ook met gemak in dié area beweeg.

Fase 1 – Area 2 (Hamewith-gebou): Konstruksiewerk is 80% afgehandel en al wat nog gedoen moet word, is om die stormwateraansluitingspunt vanuit Hoofweg met die gebou te verbind

Fase 1 – Area 3a (Hoofweg): Konstruksiewerk is 70% afgehandel en Hoofweg is weer oopgestel.

Fase 1 – Area 3b (Dirkie Uys-straat): Konstruksiewerk het 'n aanvang geneem.

Fase 2 – Area 2 & 3 (High-straat): Konstruksiewerk het 'n aanvang geneem.

LEEF IN VREDE MET BOBBEJANE: MOENIE HULLE VOER NIE

Bobbejane is vindingryk en het geleer om mense met kos te assosieer. Hulle weet dat kos wat hulle by mense aas, beteken dat hulle nie vir ure aaneen in die berge vir hul eie hoef te soek nie.

Die tragiek is dat kos wat mense eet 'n erge bedreiging vir bobbejane inhou en ernstige, onomkeerbare gesondheidsprobleme – veral diabetes en tandverrotting – kan veroorsaak.

Wanneer inwoners en besoekers hulle in die Kogelbergbiosfeer en neffens die Kleinrivierberge tuismaak, moet hulle in ag neem dat hulle daardie ruimte met wilde diere deel en hul lewenstyl dienooreenkomstig aanpas.

Moenie 'n probleemdier skep nie: Wees wetsgehoorsaam

Al te dikwels is probleemdiere die gevolg van menslike gedrag.

Juis om daardie rede moes Kleinmond, Bettysbaai, Rooi Els, Pringlebaai, Voëlklip, Fernkloof (met inbegrip van die gholflandgoed), Hermanus Heights, Eastcliff en Kwaaiwater as probleemdiergebiede verklaar word.

In hierdie gebiede moet alle huishoudings van probleemdierbestande vullisblikke gebruik maak en die bepalings van Munisipaliteit Overstrand se Verordening op die Geïntegreerde Bestuur van Vaste Afval nougeset nakom.

Versuim om dit te doen, sal swaar boetes tot gevolg hê.

Raak ontslae van huishoudelike afval op 'n omgewingsvriendelike en bobbejaanbestande wyse

- Geen huishoudelike afval mag op die sypaadjie uitgeplaas word vóór die dag wat vir afhaling geskeduleer is nie.
- Alle vullishouers moet met 'n bobbejaanbestande sluittoestel toegerus word.
- Ongeag die omstandighede, moet alle oormatige afval na die naaste oorlaaistasie geneem word en nie goedsmoeds langs munisipale vullishouers gestort word nie.
- In die geval van naweekbesoekers en vakansiegangers moet reëlings met die bure getref word om huishoudelike afval op die geskeduleerde dae uit te plaas.

Tref voorsorgmaatreëls om jou huis teen bobbejaanstrooptogte te beskerm

'n Bobbejaanstrooptog kan erge chaos veroorsaak en selfs kleuters en troeteldiere in gevaar stel. Hou dus in gedagte dat bobbejane met gemak deur die kleinste opening kan wikkel en dat hulle maklik 'n deur kan oopmaak. Daarom moet jy seker maak dat alle deure en vensters toe is en dat jy die alarm aangeskakel het voordat jy die huis verlaat.

Dit is ook raadsaam om nie ryp vrugte en groente oop en bloot te vertoon nie, en om maar eerder te sorg dat die honde se kosbakke en die voëltjies se saad buite bereik is.

Bly kalm wanneer 'n bobbejaan jou huis teiken:

- Maak eerstens seker dat kleuters en troeteldiere veilig agter 'n toe deur in 'n vertrek is.
- Dan, eerder as om die dier te konfronteer, gun hom ruimte om ongehinderd sy pad na buite te vind.
- Hou ook in gedagte dat mens eerder nie moet probeer om "gegapste" kos of artikels by 'n vasgekeerde dier af te neem nie.
- Ná afloop van die voorval, ontsmet alle geaffekteerde areas en gebruik handskoene om van bobbejaanpoefie ontslae te raak.

Om bobbejaanvoorvalle aan te meld, bel die bobbejaanblitslyn by 072 028 0008. Alle aanmeldings word waardeer.